15 Desember 2022

Geagte Belanghebbende

<u>Uitnodiging na openbare vergaderings:</u> Proses van Omvangbepaling en Omgewingsimpakbepaling (OB&OIB) vir die voorgestelde aflandige Produksiereg- en Omgewingsmagtiging-aansoek vir Blok 11B/12B deur TotalEnergies EP South Africa B.V. Verw. Nr. 12/4/013

'n Gesamentlike onderneming bestaande uit TotalEnergies EP South Africa B.V. (TEEPSA), QatarEnergy, Canadian Natural Resources International (South Africa) Limited en 'n Suid-Afrikaanse konsortium, MainStreet 1549, het 'n Eksplorasiereg oor Blok 11B/12B wat aflandig van die Suid-Kaapse kus, Suid-Afrika geleë is, en wil nou die Eksplorasiereg in 'n Produksiereg omskakel.

Die Produksiereg-aansoekgebied lê ongeveer 100 km aflandig en strek tussen Mosselbaai en Kaap St. Francis. TEEPSA beplan om die gashulpbronne binne die aansoekgebied te ontwikkel indien 'n Produksiereg toegestaan word en indien kommersiële ooreenkomste vir die verkoop van die gas op die binnelandse mark aangegaan kan word.

TEEPSA het WSP Group Africa (Pty) Ltd (WSP) aangestel as die onafhanklike Omgewingsevaluering-praktisyn om die statutêre Omvangbepaling en Omgewingsimpakbepaling (OB&OIB) en openbare-deelnameproses uit te voer.

'n E-pos is op 1 Desember 2022 uitgestuur om potensiële belangstellende en geaffekteerde partye (B&GP'e) van die voorgestelde aansoek om 'n Produksiereg in kennis te stel, en ons wil graag almal bedank wat as 'n B&GP geregistreer en kommentaar tot op hede ingedien het, asook diegene wat die eerste aanlyn openbare vergadering op 7 Desember 2022 bygewoon het. Soos aangedui in die skrywe van kennisgewing, word 'n reeks openbare vergaderings beplan om in Januarie 2023 te begin.

Uitnodiging om die openbare vergaderings by te woon

Ons nooi alle B&GP'e hartlik uit om die Omvangbepalingsfase- openbare vergaderings by te woon wat vanaf 16 Januarie tot 26 Januarie 2023 langs die Suid-Kaapse kus sal plaasvind. Tabel 1 bevat meer besonderhede oor die datum, plek en tyd van die openbare vergaderings.

Die doelwitte van die openbare vergaderings is:

- Om inligting te deel oor TEEPSA se voorgestelde aflandige Blok 11B/12B-ontwikkelingsprojek
- Om inligting te verskaf oor die statutêre Omvangbepaling en Omgewingsimpakbepaling en openbare-deelnameproses wat deel van die voorgestelde Produksiereg- en Omgewingsmagtiging-proses uitmaak.
- Vir B&GP'e om vrae te stel, bronne van kommer uit te lig, voorstelle vir sterker voordele of alternatiewe te maak, en potensiële impakte vir oorweging as deel van die OB&OIB te identifiseer.

Gebou 1
Maxwell Office Park, Magwa Crescent West, Waterfall City
Midrand, 1685
Suid-Afrika

T: +27 11 254 4800
wsp.com

Tabel 1. Besonderhede van die openbare vergaderings

Datum	Plek	Tyd
16 Januarie 2023	Kwanonqaba-gemeenskapsaal, Mayixhalestraat, Kwanonqaba, Mosselbaai	10h00 – 12h00 EN 17h00 – 19h00
17 Januarie 2023	Mosselbaai-stadsaal, Marshstraat 101, Mosselbaai-sentraal	10h00 – 12h00 EN 17h00 – 19h00
18 Januarie 2023	Thembalethu-gemeenskapsaal, Ngcakaniweg, George	17h00 – 19h00
19 Januarie 2023	Khayelethu-gemeenskapsaal, Mbethanastraat, Knysna	17h00 – 19h00
20 Januarie 2023	Piesang-gemeenskapsaal, Greenpointlaan 7, Plettenbergbaai	17h00 – 19h00
21 Januarie 2023	Seavista-saal, Geelbekstraat, St. Francisbaai	14h00 – 16h00
23 Januarie 2023	Pellsrus-saal, Harderstraat 1, Jeffreysbaai	17h00 – 19h00
24 Januarie 2023	Feather Market-saal, Baakensstraat 86, Port Elizabeth-sentraal, Gqeberha	17h00 – 19h00
25 Januarie 2023	Kenton-gemeenskapsaal, Port Alfred	10h00 – 12h00
25 Januarie 2023	Port Alfred- gemeenskapsaal, Port Alfred	14h00 – 16h00
26 Januarie 2023	Scenery Park-gemeenskapsaal, 7de Straat 30, Scenery Park, Oos-Londen (langs Scenery Park Polisiestasie)	17:00 – 19:00

Kontak asseblief WSP se Kantoor vir Openbare Deelname vir meer inligting oor die Omvangbepaling en Omgewingsimpakbepaling, om as ’n B&GP te registreer of om die vergaderings by te woon:

WSP Group Africa (Pty) Ltd, Posbus 6001, Halfway House, 1685

Tel.: +27 (0) 11 254 4800 of

WhatsApp: 076 694 3842

Faks: +27 (0) 11 315 0317

E-pos: teepsaEIA@WSP.com / gld.teepsaesia@wsp.com

Laai inligting van die WSP-webwerf af: https://www.wsp.com/en-za/services/public-documents

Laai inligting van die datavrye webwerf af by: https://wsp-engage.com/Total-11B12B/

Tydperk vir openbare kommentaar:

Ons wil u herinner dat die tydperk vir openbare oorsig van die konsep-Omvangbepalingsverslag op **Vrydag 03 Februarie 2023** sluit. ’n Nietegniese Opsomming van die konsep-Omvangbepalingsverslag is op die bovermelde webwerwe beskikbaar en kan in Engels, Afrikaans en isiXhosa afgelaai word. ’n Klankopname van die Nietegniese Opsomming van die konsep-Omvangbepalingsverslag is ook in Engels, Afrikaans en isiXhosa op die webwerwe beskikbaar.

Maak gerus kontak met die WSP se Kantoor vir Openbare Deelname indien u enige vrae het of meer inligting verlang.

Ons sien uit na u deelname en hoop om u by een van die openbare vergaderings te ontmoet.

Vriendelike groete

WSP Kantoor vir Openbare Deelname

Gebou 1
Maxwell Office Park, Magwa Crescent West, Waterfall City
Midrand, 1685
Suid-Afrika

T: +27 11 254 4800
wsp.com